Downloaded from testpapers.co.za

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN

# 2022

**10722**

**BESIGHEIDSTUDIES**

**VRAESTEL 2**

**TYD:** 2 uur

**PUNTE:** 150

**10 bladsye**

**Besigheidstudies P2**

10722A

X05

**b.o.**

Downloaded from testpapers.co.za



## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE hoofonderwerpe.

   AFDELING A: VERPLIGTEND

   AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae
   Beantwoord enige TWEE van die DRIE vrae in hierdie afdeling.

   AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae
   Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

   Let wel dat SLEGS die eerste TWEE vrae in AFDELING B en die EERSTE vraag in AFDELING C gemerk sal word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. Geen punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is nie.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.

5. Gebruik die puntetoekenning en die aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn vir punte- en tydtoekenning wanneer jy elke vraag beantwoord.

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|
| **A: VERPLIGTEND: Objektiewe tipe vrae** | 1 | 30 | 30 minute |
| | | | |
| **B: DRIE direkte/indirekte tipe vrae KEUSE: Beantwoord enige TWEE** | 2 | 40 | 30 minute |
| | 3 | 40 | 30 minute |
| | 4 | 40 | 30 minute |
| | | | |
| **C: TWEE opsteltipe vrae KEUSE: Beantwoord enige EEN** | 5 | 40 | 30 minute |
| | 6 | 40 | 30 minute |
| **TOTAAL** | | **150** | **120 minute** |

7. Begin die antwoord vir ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, bv., VRAAG 1 op 'n nuwe bladsy, VRAAG 2 op 'n nuwe bladsy.

8. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Downloaded from testpapers.co.za



## AFDELING A (VERPLIGTEND)

### VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer, bv., 1.1.6 D.

1.1.1 Nana pas die ... leierskapstyl toe wanneer sy haar werknemers beloon het vir die nakoming van spertye op kort kennisgewing.

A demokratiese
B outokratiese
C transaksionele
D charismatiese

1.1.2 Een van die kenmerke van suksesvolle spanprestasie is dat …

A spanlede hul eie doelwitte stel.
B daar ŉ klimaat van respek en eerlikheid is.
C persoonlike waardes geïmplementeer word.
D spanlede hul eie persoonlike behoeftes bevorder.

1.1.3 Lerato, ŉ werknemer by ABC Hotel, het die ... -prosedure gevolg toe sy haar kommer oor swak werksomstandighede aan haar toesighouer gerapporteer het.

A konflik
B probleemoplossing
C besluitneming
D griewe

1.1.4 ŉ ... stel die aanbieder in staat om beelde direk vanaf ŉ rekenaar te projekteer.

A Interaktiewe witbord
B Oorhoofse projektor
C Plakkaat
D Skootrekenaar

1.1.5 SS Beperk neem deel aan ŉ volhoubare omgewingsgemeenskaps-program. Dit is ŉ voorbeeld van ... as een van die drievoudige sleutelaspekte elemente.

A profyt
B persone
C planeet
D produkte

(5 x 2) (10)

Downloaded from testpapers.co.za



1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woorde van die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woorde langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

| |
|---|
| werknemer; deskundige; privaat; mondeling; prestasie; stukwerk; aggressiewe; normering; geskrewe; werkgewer; staatsbeheerde |

1.2.1 Die regering hou ŉ meerderheid aandele in Vuka SOC Bpk. Dit is ŉ voorbeeld van ŉ ... maatskappy.

1.2.2 Inligting in die vorm van ŉ ... verslag is ŉ voorbeeld van ŉ nie-verbale aanbieding.

1.2.3 ŉ Strategie om ŉ … persoon te hanteer, is om ferm te wees, maar nie om hulle aan te val nie.

1.2.4 Spanlede is bewus van die strategieë en doelwitte van die span. Dit staan bekend as die ... stadium van spanontwikkeling.

1.2.5 Die gebruik van die voorgeskrewe veiligheidstoerusting is die verantwoordelikheid van die ... om menslike gesondheid en veiligheid in die werkplek te bevorder.

(5 x 2) (10)

Downloaded from testpapers.co.za



1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – J) langs die vraagnommesr (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.3.6 K.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.3.1 Persoonlike houding | A van toepassing as goedere oorverseker is |
| 1.3.2 Dividende | B leiers sal moeilike take aan hul volgelinge delegeer |
| 1.3.3 Herinbesitstelling | C deurlopende hersiening van spanvordering sodat spanlede foute kan regstel |
| 1.3.4 Ekonomiese regte | D van toepassing as goedere onderverseker is |
| 1.3.5 Samewerking | E werknemers het die reg tot onderwys |
| | F die opbrengs op 'n belegging in aandele |
| | G die opbrengs op 'n belegging in eiendom |
| | H werknemers het die reg om aan 'n wetlike staking deel te neem |
| | I leiers se gedrag weerspieël die voorbeeld wat hulle in hul spanlede wil sien |
| | J bereidwilligheid om saam te werk om spandoelwitte te bereik |

(5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Downloaded from testpapers.co.za



## AFDELING B

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op ʼn NUWE bladsy begin, bv., VRAAG 2 op ʼn NUWE bladsy, VRAAG 3 op ʼn NUWE bladsy.

## VRAAG 2: BESIGHEIDSGELEENTHEDE

2.1 Noem enige DRIE voorbeelde van langtermynversekering. (3)

2.2 Bespreek in breë trekke die verskil tussen *bestuur* en *leierskap*. (4)

2.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**HARVEY PROKUREURS (HP)**

Harvey Prokureurs is welbekend om sake te wen wat verband hou met besigheidsreg. Die bestuur van HP verseker dat kommunikasie duidelik is, sodat hul werknemers presies weet wat hulle moet doen.

2.3.1 Identifiseer die leierskapstyl wat deur HP gebruik is. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (3)

2.3.2 Verduidelik ander voordele van die leierskapstyl wat in VRAAG 2.3.1 geïdentifiseer is. (4)

2.4 Bespreek die impak van uitdeelstukke as ʼn visuele hulpmiddels. (6)

2.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**EGOLI BED & ONTBYT (EBO)**

Buyi, die eienaar van Egoli Bed & Ontbyt, het ʼn aanbieding oor haar besigheid se finansiëlestate aan verskeie belanghebbendes gehou. Buyi het gepaste gebare gebruik om haar punt te beklemtoon. Sy het ook haar aanbieding kort en eenvoudig gehou.

2.5.1 Haal TWEE faktore vanuit die scenario hierbo wat Buyi in ag geneem het tydens die aanbieding. (2)

2.5.2 Verduidelik hoe Buyi vrae na haar aanbieding op ʼn nie-aggressiewe en professionele manier moet hanteer. (6)

2.6 Bespreek TWEE beginsels van versekering. (6)

2.7 Evalueer die impak van nie-winsgewende maatskappye as ʼn vorm van eienaarskap. (6)
**[40]**

Downloaded from testpapers.co.za



## VRAAG 3: BESIGHEIDSROLLE

3.1 Noem enige VIER komponente van korporatiewe sosiale verantwoordelikheid. (4)

3.2 Bespreek in breë trekke TWEE maniere waarop professionele, verantwoordelike, etiese en effektiewe sakepraktyke uitgevoer moet word. (4)

3.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> **BOITUMELO HANDELAARS (BH)**
>
> Die bestuur van Boitumelo Handelaars hou die inligting van hul werknemers vertroulik. BH hanteer al hulle werknemers met respek, ongeag van hul sosio-ekonomiese status.

Identifiseer TWEE menseregte wat deur BH bevorder word. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die table hieronder as ŉ RIGLYN om VRAAG 3.3 te beantwoord.

| MENSEREGTE | MOTIVERINGS |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |

(6)

3.4 Bespreek die oorsake van konflik in die werkplek. (6)

3.5 Verduidelik hoe besighede die prys van goedere in landelike gebiede as ŉ onetiese sakepraktyk kan hanteer. (6)

3.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> **RODNEY BOUERS (RB)**
>
> Rodney, die spanleier, pas die spandinamiese teorieë toe om sy span effektief te lei. Hy ken take toe volgens die rol van elke spanlid. Rodney weet dat spanlede met soortgelyke sterkpunte kan meeding vir spantake.

3.6.1 Haal die belangrikheid van spandinamiese teorieë in die verbetering van spanprestasie aan uit die scenario hierbo. (2)

3.6.2 Gee Rodney raad oor ander belangrikhede van spandinamiese teorieë om spanprestasie te verbeter. (4)

3.7 Onderskei tussen *korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid (KMV*) en *korporatiewe maatskaplike investering (KMI).* (8)

**[40]**

Downloaded from testpapers.co.za



**VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE**

**BESIGHEIDSGELEENTHEDE**

4.1 Definieer die term *skuldbriewe*. (2)

4.2 Bespreek in breë trekke die voordele van ŉ privaat maatskappy. (4)

4.3 Verduidelik hoe belasting kan bydra tot die sukses en/of mislukking van ŉ vennootskap. (4)

4.4 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**MANDY SE BELEGGINGSOPSIES**

Mandy wil R6 000 belê in ŉ vaste deposito rekening vir twee jaar. Ray Bank het haar 7% eenvoudige rente per jaar aangebied en Lam Bank het haar 7% saamgestelde rente per jaar aangebied.

4.4.1 Bereken die bedrag rente wat Mandy na twee jaar sal ontvang as sy by Ray Bank belê. (3)

4.4.2 Bereken die bedrag rente wat Mandy na twee jaar sal ontvang as sy by Lam Bank belê. (4)

4.4.3 Beveel die beste beleggingsopsie aan en motiveer jou antwoord. (3)

**BESIGHEIDSROLLE**

4.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**NARIVA HANDELAARS BEPERK (NHB)**

Nariva Handelaars Beperk verkoop gehalte, modieuse, mans- en vroulike klere. Die werknemers van NHB is bewus van die indiensnemingsbeleide van die onderneming. Hulle het ook akkurate verslae aan aandeelhouers by die jaarlikse algemene vergadering voorgelê.

Identifiseer TWEE King-kode beginsels vir goeie korporatiewe bestuur wat deur NHB toegepas word. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as ŉ RIGLYN om VRAAG 4.5 te beantwoord.

| KING-KODE BEGINSELS | MOTIVERINGS |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |

(6)

Downloaded from testpapers.co.za



4.6 Identifiseer die diversiteitskwessie wat Vast Skeppings toegepas het in ELKE verklaring hieronder.

4.6.1 Vast Skeppings verseker dat daar nie teen werknemers gediskrimineer word op grond van hulle velkleur nie. (2)

4.6.2 Hulle maak voorsiening vir spesiale kos in die werknemers se kantien. (2)

4.7 Verduidelik die rol van die gesondheids- en veiligheidsverteenwoordigers om die werksomgewing te beskerm. (4)

4.8 Beveel maniere aan waarop besighede tyd en moeite kan bydra om die welstand van gemeenskappe te bevorder. (6)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

Downloaded from testpapers.co.za



## AFDELING C

Beantwoord EEN vraag in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op ŉ NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 5 op ŉ NUWE bladsy OF VRAAG 6 op ŉ NUWE bladsy.

### VRAAG 5: BESIGHEIDSGELEENTHEDE (SEKURITEITE)

Baie maatskappye maak gebruik van die Johannesburgse Sekuriteitebeurs (JSE) om beleggers aan te lok. Hulle raai ook hul beleggers aan om beleggingsbesluite faktore in ag te neem. Daar is verskeie tipes aandele beskikbaar in die mark. Party beleggers verkies om in RSA Kleinhandelspaareffekte te belê.

Skryf ŉ opstel oor beleggingsekuriteite waarin jy die volgende aspekte insluit:

- Bespreek in breë trekke die funksies van die Johannesburgse Sekuriteitebeurs.
- Verduidelik enige DRIE faktore wat in ag geneem moet word wanneer beleggingsbesluite geneem word.
- Bespreek VIER tipes aandele.
- Adviseer beleggers oor die impak van die Regering/RSA Kleinhandelspaareffekte. **[40]**

### VRAAG 6: BESIGHEIDSROLLE (KREATIEWE DENKE EN PROBLEEMOPLOSSING)

Die besigheidsomgewing is dinamies en vereis dat besighede innoverend in hul benaderings moet wees. Sommige besighede pas die Delphi-tegniek en dinkskrumtegniek toe om komplekse sakeprobleme op te los. Ander redeneer dat ŉ kragveld-analise die mees geskikte probleem-oplossingstegniek is. Besighede streef daarna om ŉ omgewing te skep wat kreatiewe denke in die werkplek bevorder.

Skryf ŉ opstel oor probleemoplossing en kreatiewe denke waarin jy die volgende aspekte bespreek:

- Brei uit oor die verskille tussen *probleemoplossing* en *besluitneming.*
- Verduidelik hoe besighede die Delphi-tegniek en dinkskrumtegniek in die werkplek moet toepas.
- Bespreek die impak van kragveld-analise as ŉ probleemoplossingstegniek.
- Stel maniere voor waarop besighede ŉ omgewing kan skep wat kreatiewe denke in die werkplek bevorder. **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**TOTAAL: 150**

**EINDE**